Die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland bied aan...

KiwiKasie 2003 se Afrikaanse Skryfkompetisie

Inligtingstuk

Vir ouderdomme 18 en ouer

Opdrag

Skryf 'n ESSAY oor ENIGE onderwerp.
Neem die "Reëls vir deelname" in ag.
(Lengte: Nie langer as 800 woorde nie.)

Hoe om in te skryf

Deelnemers moet die volgende verdere stappe volg:-

Stap 1: Berei jou voor om jou stuk in **Microsoft WORD** te skryf. *(Let op woordbeperking hierbo!)*

Stap 2: Tik op die **eerste bladsy** van jou inskrywing die volgende:-
(a) Jou naam en van
(b) Jou ouderdom
(c) Die ouderdomskategorie waarvoor jy inskryf
(d) Jou epos-adres
(e) Jou posadres
(f) Jou telefoonnommer

Stap 3: Open 'n nuwe bladsy in dieselfde dokument, en skryf die volgende **bo aan bladsy 2** van jou WORD-dokument, waar jou essay begin:-
(a) Die stuk se opskrif (in jou die geval 'n **essay**)
(b) Tik dan jou essay.
(c) Onthou om jou stuk op jou rekenaar te spaar ("save").

Stap 4: **Epos** jou inskrywing (die WORD-lêer) aan **die.afrikaanse.klub@clear.net.nz**, VOOR OF OP die sperdatum van 15 September. (Skryf in die "Subject"-lyn van jou eposboodskap: "**Afrikaanse Skryfkompetisie 2003**")

Reëls vir deelname

- Alle inskrywings moet in die Afrikaanse taal geskryf word.
- Inskrywings moet jou eie werk wees.
- Inskrywings mag nie afbrekend wees oor taal-, godsdiens- etnisiteit of lande, of polities wees nie.
- Deur in te skryf, gee die skrywer toestemming dat die werk sonder vergoeding gepubliseer mag word op die webblad van Die Afrikaanse Klub of enige ander publikasie, en dat dit uitgestal mag word.
- Die **sluitingsdatum** is **15 September 2003**.
- Indien klublede se familie deelneem, mag die lede nie in enige beoordelingshoedanigheid dien nie.
- Beoordelaars se beslissing is finaal. Geen korrespondensie sal gevoer word nie.
- Die wenners sal in die hoofkonsert van KiwiKasie Kunstefees, op 4 Okt. bekend gemaak word.